CHRISTIAN LITERATURE FUND PUBLISHERS
CHRISTELIKE LEKTUURFONDS UITGEWERS

Pamflette - die sosiale media van die 16de eeu en steeds vandag die ongewone 'papiersendeling'

Die gebruik van traktaatjies as godsdienstige instrument, vandag bekend as pamflette, dateer baie eeue terug, selfs tot voor die boekdrukkuns ontwikkel het. John Wycliffe het reeds in die veertiende-eeuse Engeland sy leerstellinge deur traktaatjies versprei. Dwarsdeur die onstuimige jare van die Reformasie in die sestiende eeu, is daar baie van traktate, oftewel kort, bondige geskrifte gebruik gemaak om nuwe idees te versprei. Mens sou dit die **sosiale media van daardie tyd** kon noem en dit het baie groot impak op die gebeure van die tyd gehad. Traktaatjies het mettertyd veral 'n rol in verskeie evangeliese bewegings gespeel en is ook as belangrike sendinginstrument gebruik. Al hoe meer is dit as ideaal gestel dat traktaatjies as deel van 'n persoonlike gesprek aan 'n ander oorhandig moet word waar die inhoud binne 'n konteks van vertroue en respek verduidelik word.

Miljoene traktaatjies, oftewel "die ongewone papiersendeling", is oor die jare versprei en is daar duisende roerende briewe ontvang oor die dikwels ingrypende, lewensveranderende invloed wat traktaatjies op mense se lewens binne spesifieke situasies gehad het.

Sedert 2010 word daar doelbewus op die volgende kategorieë gefokus:

1. Evangelisasie
2. Geestelike groei
3. Gemeentetoerusting
4. Maatskaplike kwessies
5. Pamflette vir Kinders

CLF se pamflette is taalryk en kleurvol. Dit word steeds gratis versprei en is in 'n hele aantal tale beskikbaar, meer as 2 miljoen word jaarliks versprei!

CLF se gratis pamflette kan aanlyn by www.clf.co.za, of per e-pos by order@clf.co.za bestel word. Vir meer inligting kontak CLF by 021 873 6964.